word daar leemtes in die werke opgemerk aangesien hulle nie belangrike historiese gebeurtenisse aanstip nie. Dié leemtes is die gewapende stryd van SWAPO, die terroristeverhore, die stakings van Owambowerkers en die verval van die Portugese kolonie, Angola (pp. 170-171). Deur hierdie temas nie te behandel nie word daar 'n beeld van Namibië geperpetueer waarin die inheemse groepe se geskiedenis nie ondervang word nie.

In die letterkundige werke wat tussen 1975 en 1988 oor Namibië geskryf is, sien die skrywer vir die eerste keer 'n kritiese ingesteldheid en 'n bewuswording dat daar gelet moet word op die inheemse groepe se belewenisse. Die ontwikkeling van sg. grensliteratuur is 'n bewuswording van letterkundiges soos Etiene van Heerden en Elsa Joubert dat die "werklike" situasie aan die Namibiese grens geskets moet word (pp. 198-200). Hiedie werke word opgevolg deur die van J.M. Coetzee en Nadine Gordimer wat beskou word as 'n paradigmatiese breuk met enige vorige Afrikaanse letterkunde oor Namibië insoverre dit vir die eerste keer werklik inheemse temas verwoord en as letterkundige dekolonisasie getipeer kan word.

Volledigheidshalwe word inheemse letterkundige werke behandel (pp. 224-235). Dié werke beskou Haarhoff as die begin van 'n "alternatiewe historiografie" (p. 234) ten spyte daarvan dat die temas wat aangespreek word meestal reaktief is en die bedoeling het om SWAPO se stryd te regverdig.

Dié werk sny moeilike temas soos historiese mites, veranderende grensmetafore e.d.m. aan. Dit is 'n werk wat moontlik deur filosowe en letterkundiges eerder as historici benut kan word.

**E.R. Coetzee**
*R.A.U.*

## J.C.S. Lancaster: "The Governership of Sir Benjamin D'Urban at the Cape of Good Hope, 1834-1838". *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1991 (2)* Staatsdrukker, Pretoria, 1991. 225pp. R10,00. ISBN 0797021795.

Min Britse goewerneurs aan die Kaap tydens die eerste helfte van die negentiende eeu het soveel aandag van historici ontvang as sir Benjamin D'Urban - dit nieteenstaande sy kort bewindstyd van vier jaar. Die fokus op D'Urban hang saam met die oosgrens-krisisse van daardie tyd nl. die grensoorlog van 1834 - 1835 en die verbandhoudende aanvang van die Groot Trek. Gevolglik is heelwat wat oor hom geskryf is - en baie berus maar op oppervlakkige navorsing of die weergee van bestaande kennis en insigte toegespits op sy rol m.b.t. die oosgrensgebeure.

Lancaster se werk, wat oorspronklik as 'n M.A.-verhandeling aan Rhodes Universiteit o.l.v. prof. K.S. Hunt gedoen is, het ten doel om die rol van D'Urban aan die Kaap te herevalueer. Dit het hy in verskeie opsigte goed gedoen.

Eerstens het hy die stand van die historiografie rondom D'Urban deeglik ontleed. Hoewel die ontleding nog in die teken van ons kennis van die laat sewentigerjare staan (die verhandeling is in 1980 aanvaar), bied die eerste hoofstuk mooi nuwe perspektiewe en gee dit aan die skrywer 'n goeie basis om sy eie navorsing aan te toets; omstrede standpunte in perspektief te stel en self nuwe standpunte te formuleer. Dit het hy ook met 'n redelike mate van kundigheid gedoen.

Verder het Lancaster na D'Urban se goewerneurskap in sy volle omvang gekyk en nie bloot op sy oosgrensrol gefokus nie. Daardeur sien mens die goewerneur as amptenaar met 'n groot verskeidenheid van pligte en verantwoordelikhede asook - en dit is uiters belangrik - die beperkinge wat die amp en die voorskrifte asook opdragte van die Britse owerhede op hom geplaas het. Gesien binne die konteks, asook die konteks van heersende omstandighede en verhoudinge in die kolonie, word die optrede en besluite van die goewerneur in beter perspektief geplaas.

In die verband het Lancaster veral twee aangeleenthede behandel wat groot druk op D'Urban se tyd en staatsmanskap geplaas het, nl. sy hantering van die vrystelling van die slawe in 1834, asook sy rol in die implementering van die nuwe bestuurstelsel in 1834 (Wetgewende Raad). Veral eersgenoemde het vir D'Urban talle probleme geskep en grootendeels daartoe bygedra dat hy nie onmiddelik sy aandag aan die oosgrensvraagstuk kon gee nie.

Wat D'Urban se rol op die oosgrens betref, het die werk nie veel nuut bygedra nie. Die nuwe perspektief hierbo genoem, is belangrik, asook die manier waarop hy D'Urban se rol ontleed sonder om 'n vooringenome vir of teen - standpunt in te neem. Nuwe lig word tog gewerp op die onderlinge verhoudinge tussen D'Urban en dr. J. Philip, asook D'Urban en belangrike grensamptenare soos Harry Smith. Lancaster gee ook aandag aan die oorbekende aanklag teen D'Urban dat hy die Britse owerhede nie gereeld en volledig op hoogte gehou het van gebeure op die grens nie. Vir dié swakheid in die mondering van die goewerneur het hy geen verklaring nie en hy bied bloot die standpunte van historici soos Dracopoli en MacMillan aan.

As M.A.-verhandeling beoordeel, staan die werk stewig. Lancaster het deeglike argivale en sekondêre navorsing gedoen, asook mondelinge bronne gebruik: sy evaluering van D'Urban is nugter en die groot bydrae van die werk lê miskien juis daarin dat die skrywer D'Urban aan gewone menslike maatstawwe toets en sy sterk en swakpunte op dié vlak beoordeel. Vir die student en navorser wat hierdie tydperk in die geskiedenis van die Kaapkolonie bestudeer, kan die werk beslis van groot waarde wees.

**H. J. van Aswegen**
*R.A.U.*